

# DIE SKIETLOOD

Uitgawe 125 - 24 November 2017  
saam met Koersvas 125



## NGB Artikel 14

Hiermee dan voortsetting van kommentaar op Artikel 14 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Eers word die teks van die NGB in vetdruk geplaas en dan volg die kommentaar:

**Maar toe hy in aansien was, het hy dit nie verstaan nie en sy uitnemendheid nie besef nie. Hy het homself egter, deur na die woord van die duiwel te luister, willens en wetens aan die sonde en daarmee aan die dood en die vervloeking onderwerp.**

Die sondeval was die resultaat van die mens wat nie geweet het watter goeie bedeling aan hom toegeken is nie. Dit is meer male die geval dat mense nie weet hoe bevoorreg hulle is nie totdat hulle iets verloor. Net so het die mens nie geweet hoe wonderlik sy posisie in die heelal is nie. In dwaasheid het die mens sy ore uitgeleen aan die bedrieër.

Die sondeval was geen toevalligheid nie. Die mens het nie een dag wakker geword en toe is hy sondaar nie. Met groot klem wys die NGB daarop dat die mens willens en wetens teen God gekies het. Daar word selfs gestel dat die mens homself aan die sonde onderwerp het. Die mens het nie besef dat daar nie 'n grys middel area is nie. 'n Mens kies vir of teen God. Die mens het by sy volle bewussyn vir sonde en teen God gekies.

Voor die sondeval was die verhouding tussen God en mens een van Skepper teenoor beeldraer. Dit was van nature vir die mens moontlik om totaal binne die wil

van God te lewe. God het geen onbereikbare doelwit aan die mens voorgedra en toe die mens gestraf omdat hy dit nie kon bereik nie.

As beeldraer was die mens van nature geneig om God te gehoorsaam, terwyl die mens ook die potensiaal gehad het om God nie te gehoorsaam nie. Hierdie uiters bevoorregte posisie het die mens nie beïndruk nie, was nie stof tot nadenke nie. Die mens het natuurlik nie die alternatief geken nie. Al wat die mens gehad het om op te gaan, was God se woord.

God het gesê dat die mens sekerlik sal sterf indien hy van daardie vrug eet. Net soos die kind wat nie die ouer wil glo dat die yster warm is nie, maar eers self moet brand (en dan is dit te laat), net so wou die mens nie God se woord aanvaar nie. Hoe jammer dat die mens nie die alternatief geken het nie, God se woord moes goed genoeg gewees het en die mens het wel die situasie waarin hy was, goed geken. Die mens het gekies vir homself, teen God. Voor die sondeval was daar geen verbond van genade nie, die mens het as beeldraer in ope verhouding met God geleef. Genade het eers te voorskyn gekom toe die mens gesondig het.

Die mens se doelbewuste keuse ten gunste van die leuen is op meer as een vlak opspraakwekkend. Die mens het elke dag met God gepraat. Ons lees dat God gewoonlik so teen die aand met die mens kom kuier het. Die bose kom as toevallige gas, praat net 'n rukkie en die mens luister skielik na hierdie vreemde stem. Jesus het met reg verwys na die feit dat die profeet nie in sy eie land geëer

word nie. Die mens luister so maklik na die vreemdeling, terwyl die betroubare stem wat goed bekend is, vergeet word. God se gedurige spreke met die mens, word deur die mens geweeg teen die woord van die duiwel, en dan weeg die duiwel se woord swaarder as God se konstante spreke.

**Hy het immers die gebod van die lewe wat hy ontvang het, oortree en homself deur die sonde losgeskeur van God, wat sy ware lewe was; so het hy sy hele natuur verderf en daarmee die liggaamlike en geestelike dood verdien.**

Die klem wat die NGB plaas op die “gebod van die lewe” is ‘n positiewe blik op dit wat God vir die mens sê in die tuin van Eden. God vertel die mens hoe hy kan bly lewe. Die duiwel kom en plaas die fokus op die verbod. Dit is twee kante van dieselfde munt. Aan die een kant word die mens verbied om iets te doen, anders sal hy sterwe.

Aan die ander kant word die mens vertel om van alles behalwe een te eet en so kan hy bly lewe.

Die duiwel maak die verbod die enigste kant van die munt en verlei die mens. Die mens laat homself verlei om nie die positiewe kant van die munt raak te sien nie. Die mens kies teen die gebod, fokus op die verbod en doen dan juis dit wat die verbod verbied.

Die gebod het die vryheid van alles eet, selfs die boom van die lewe. Deur die gebod te gehoorsaam, bly die mens in die lewe by God. Die verbod vertel van een vrug wat nie aangeraak mag word nie. Die mens kies om die verbod te hoor en nie te gehoorsaam nie, die resultaat is die dood. Hierdie verwysings na gebod en verbod, lewe en dood, is nie blote spel met

woorde nie. By God is lewe, God is die mens se lewe; God het immers die lewensasem in die mens ingeblaas. Geen positiewe daad kan die mens van God wegskeur nie. God roep ons juis tot positief voor Hom lewe.

Dit is net die negatiewe van die sonde wat ‘n onoorbrugbare kloof tussen God en mens kan bewerkstellig. Die aard van die sonde moet duidelik verstaan word. Die sonde is geen halwe maat nie. Dit is nie ‘n vrot stukkie van die appel wat uitgesny kan word nie.

Sonde tas die diepste wese van die mens aan. Sonde sny die diepste band wat daar tussen God en mens bestaan totaal af. Sonde is nie daardie verkeerde dade nie, dit is dit ook. Sonde vergiftig die diepste DNS van die mens se wese en maak dat die mens nou onder die juk van die dood bestaan.

**Hy het deur dat hy in al sy doen en late goddeloos, verkeerd en verdorwe geword het, al sy voortreflike gewes wat hy van God ontvang het, verloor en hy het niks anders daarvan oorgehou nie as slegs klein oorblyfsels, wat egter genoegsaam is om hom alle verontskuldiging te ontnem.**

Die resultaat van hierdie een daad van ongehoorsaamheid was soveel meer as wat die mens in sy verste buitewyke van verbeelding kon indink. Net so kan ons nou steeds nie al die gevolge van ‘n enkele daad voorspel of voorsien nie. In alles wat die mens doen, of nie doen nie, is die mens goddeloos, verkeerd en verdorwe.

Die doen en late waarna die NGB verwys, dui op die mens se totale bestaan. Dit is nie net in dit wat die mens kies om te doen of per ongeluk doen nie, die sonde se impak is ook in dit wat ons kies om nie te

doen nie, dit wat ons vergeet om te doen, dit wat ons nie weet ons moet doen nie en alles wat ons om ander redes nie doen nie.

Ons verloor amper al die voortreflike gawes van God. God het dit gegee, die mens het oortree en in die proses amper alles verloor. Dit sou vir die mens beter gewees het om alles te verloor en nie amper alles nie. Al wat die mens behou het is daardie oorblyfsel wat die mens alle verontskuldiging ontnem.

Net genoeg van die heerlike stand van mens-wees-voor-God het oorgebly om te maak dat die mens totaal verlore is. Indien die mens alles verloor het, sou opeenvolgende geslagte hulself kon verontskuldig en beweer dat hulle nie geweet het van beter nie. Dit is ironies dat die totale verlorenheid van die mens bevestig word deur 'n oorblyfsel van dit wat die mens voor die sondeval gehad het.

**Al die lig wat in ons is, het immers in duisternis verander, soos die Skrif ons leer: En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie' (Johannes 1:5), waar die heilige Johannes die mense duisternis noem.**

Die volgende gedeeltes gebruik die NGB om die aard van die mens en die mens se verlorenheid te illustreer. Die eerste teksgedeelte is 'n aanhaling uit die aanhef van die Johannes Evangelie, die gedeelte waar daar oor die koms van die LOGOS gehandel word.

**Daarom verwerp ons alles wat in stryd hiermee oor die vrye wil van die mens geleer word, aangesien die mens niks anders as 'n slaaf van die sonde is nie en: 'n Mens kan niks aanneem as dit hom nie uit die hemel gegee is nie'**

**(Johannes 3:27). Want wie is daar wat daarop sal roem dat hy uit homself iets goeds kan doen, terwyl Christus sê: 'Niemand kan na My kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie' (Johannes 6:44)? Wie sal op sy eie wil roem as hy verstaan dat '...wat die vlees bedink, vyandskap teen God is' (Romeine 8:7)? Wie sal op sy eie kennis roem as die natuurlike mens die dinge van die Gees van God nie aanneem nie (1 Korintiërs 2:14)?**

Die stryd teen die dwaling van Armenius is hier in die visier. Die volgende teksgedeeltes waarna verwys word, word gebruik om duidelik aan te dui dat die mens altyd kies vir die sonde, teen God. Die saligheid van die mens is geen menslike daad nie, dit is 'n gawe van God. Die gedagte sluit aan by die vorige gedeelte waar duidelik gestel is dat die mens amper alles van die gawes van God verloor het. Die mens het net genoeg behou om hom enige verontskuldiging te ontnem, maar nie genoeg om agent in sy eie redding te wees nie.

**Kortom: Wie sal ook maar op 'n enkele gedagte roem as hy verstaan dat ons uit onself nie bekwaam is om iets as uit onself te bedink nie maar dat ons bekwaamheid uit God is (2 Korintiërs 3:5)? Daarom is dit reg dat wat die apostel sê, onwrikbaar bly, want dit is God wat in julle werk. Hy maak julle gewillig en bekwaam om sy heilige plan uit te voer (Filippense. 2:13).**

Daar moet 'n duidelike onderskeid getref word. Die mens is totaal verlore. Tog is dit so dat God in die mens werk. Hierdie werking van God is nie die gevolg van menslike verdienste nie. Dit is louter genade. Die opsomming wil dit baie duidelik maak dat selfs die mens se

gedagtes rondom genade en redding hulle oorsprong by God en God alleen het. Die mens dra nie eens tot die gedagte van redding by nie. God het redding vir die mens 'n werklikheid gemaak ten spyte van die sondeval. Die mens staan sonder verontskuldiging maar tog as een wat van buite, van God, die boodskap van redding ontvang.

**Want daar is geen verstand en geen wil in ooreenstemming met die verstand en die wil van God as Christus dit nie**

**in die mens tot stand gebring het nie. Dit leer Hy ons as Hy sê: 'Sonder My kan julle niks doen nie'**

Voor die sondeval was gesprek met God niks vreemd **aan** die mens nie, niks vreemd **vir** die mens nie. Na die sondeval is die mens so totaal verlore dat hy nie eens kan dink aan redding nie, nie eens daaraan kan dink om met God te praat nie. God se inisiatief, en net God se inisiatief verander die situasie. Deur Hom kan ons nuut dink, kan ons weer hoop en lewe.